PREKE VIR DIE RES VAN 2017

17 Desember 2017: Ds. André van Wyk Klassieke Diens (Kerk) 09:00

24 Desember 2017: Ds. Rian Verster Klassieke Diens (Kerk) 09:00

25 Desember 2017: Kersdiens (kerk) Ds. André Agenbag 08:00 en 09:15

31 Desember 2017: Oujaarsdiens (Kerk) Nagmaal Ds. Rian Verster 09:00 en 18:30

07 Januarie 2017: Ds. Jana Dickason Klassieke Diens (Kerk) Doop 09:00

14 Januarie 2017: Ds. Tinus van Zyl Klassieke Diens (Kerk) 09:00

PREDIKANTE VERLOF

Ds. André van Wyk: 19 Desember tot 31 Desember 2017

Ds. André Agenbag: 26 Desember tot 14 Januarie 2018

Ds. Tinus van Zyl: 23 Desember tot 12 Januarie 2018

Ds. Jana Dickason: 11 Desember tot 30 Desember 2017

ONS 2018 JAARPROGRAM SAL VROEG JANUARIE BY DIE KERK EN KERKKANTOOR BESKIKBAAR WEES!

OMGEEDIENSDIENS

Dankbaarheid is 'n leefwyse. Ons 'sê nie net dankie nie, ons leef ook dankie.' En ons het dit mildelik in die jaar ervaar, omdat u dit op soveel verskillende maniere gedeel het.

Dankie vir jou **omgee-'raaksien' en dade** wat mense beter daaraan toelaat:

- spesiaal uitgereik het na 'n sieke, eensame of werklose en bemoedig het;
- 'n senior of gestremde persoon met respek en geduld behandel het;
- daar waar jy tee/koffie voorberei het;
- blomme rangskik en eetgoed met liefde voorberei het, bv. vir 'n begrafnis/funksie;
- 'n kombers, mus of serp gebrei/gehekel het vir 'n hawelose of kleuter
- kos, klere en meubels geskenk het aan behoeftiges;
- ons sendelinge seën;
- vir geduld wanneer jy bestuur.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 10 Desember 2017	VOLGENDE WEEK 17 Desember 2017
		Teks:2 Petrus 3: 8-15a	*Teks:1 Tessalonisense 5:16-24*
09:00	**Klassieke diens: Kerk**	Ds. André Agenbag Doop	Ds. André van Wyk ***Doop***

Mag almal 'n vreugdevolle vakansie hê en heerlik uitrus vir die nuwe jaar wat voorlê. Mag die Here almal bewaar waarookal jy mag gaan. Geseënde Kersfees

Neem asb. kennis dat die Kerkkantoor gesluit sal wees vanaf 22 Desember en sal weer oop wees vanaf die 2de Januarie 2018

DOOP VANDAG – KLASSIEKE DIENS

- Dieter en Tinia Halfar doop vir Sebastian
- Rowan en Cara Robertson doop vir Harriet Robertson

Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie. Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word.

DANKBAARHEIDSMAAND

Baie dankie vir lidmate wat reeds bygedra het tot die Dankbaarhiedsmaand.
Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir die **R1026000-00** reeds ontvang.
Ons mikpunt is **R1600000-00**.

OFFERGAWES: Spesiale offergawes gaan aan Huis Aristea

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Johan du Plessis
- Ian Walters 13 jaar (beenmurgoorplanting week van 12 Desember 2017
- Oskar Frielingsdorf
- Delene van Schalkwyk

Ons innige simpatie aan die gesinne en familie met die afsterwe van:

- Johanna du Toit

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Nelia van Niekerk, Babs Herbs, Elsa Andrag, Albert Burger, Johan Benade en Wynand Theron

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

GESKENKE VAN DIE LEWENDE WOORD NA NICARAGUA-
-HELP OM BYBELS TE SKENK-

Nicaragua het die laaste 100 jaar van sy bestaan oorlog beleef. Is steeds een van die armste lande in Latyns-Amerika. **Harvesters Ministries** plant aktief kerke in drie kritieke gebiede in Nicaragua.

Baie min besit 'n Bybel of het al een gelees. Met 'n land waar meer as 48% van die bevolking onder die ouderdom van 24 is, is dit noodsaaklik om te belê in 'n nuwe generasie kerkleiers. Harvesters het hom daartoe verbind om kerke op hierdie eiland te plant en Bybels aan nuwe gelowiges te voorsien. Help ons gedurende hierdie feestyd om die mense van Nicaragua te seën met **'n Kersfeesgeskenk** wat lig en lewe in hulle lewens sal bring. Die koste van 'n boks Bybels is ongeveer R3 000.
'n Boks Bybels kan 'n hele gemeenskap verander!
Kontak ons: Tel: **011-955-1814** EN info@harvestersministries.com

DORINGLAAGTE KAMP 16-18 MAART 2018

ONTHOU OM U DEPOSITO VIR DIE KAMP TEEN DIE LAASTE VROEG JANUARIE TE BETAAL EN ALLE UITSTAANDE BEDRAE TEEN BEGIN FEBRUARIE TE VEREFFEN. SLEGS 8 PLEKKE NOG BESKIKBAAR! BESPREEK BY DIE KERKKANTOOR: 021 975 6370